

Laat jou CV die praatwerk doen

Deur Danie Keet **Beeld**, 25 November 2015

Werkgewers het nie tyd om ure aan elke aansoek te bestee nie, en gaan beslis nie 'n CV van 20 bladsye deurlees nie. 'n Goeie lengte vir 'n CV is twee tot drie bladsye. Foto: istock

Werkgewers het nie tyd om ure aan elke aansoek te bestee nie, en gaan beslis nie 'n CV van 20 bladsye deurlees nie. 'n Goeie lengte vir 'n CV is twee tot drie bladsye. Foto: istock

Die een enkele vraag wat byna elke kandidaat vra nadat hy moes hoor dat sy aansoek onsuksesvol is, is: “Wat is fout met my CV?”

Nege uit die tien keer kan daar met groot eerlikheid geantwoord word: “Niks. Absoluut niks.” Dis 'n mite dat 'n CV net 'n sekere uitleg moet hê of net presies 'n sekere aantal bladsye moet wees.

Ja, dis lekker om 'n “mooi” CV onder oë te neem, maar al is dit die mooiste ding wat jy al ooit gesien het, en wat daarin staan is nie dít wat die werkgewer soek nie, dan help al die prag absoluut niks!

Dit is die mening van Suzette Booysen, praktykbestuurder van Joubert en Genote, mensehulpbronpraktisyns in die Paarl.

“Dit is dus duidelik dat die enkele belangrikste aspek van 'n CV sy inhoud is. Daar is sekere inligting wat uitgelaat kan word, terwyl ander inligting onontbeerlik is.

“Die uitleg van 'n CV dra bloot by tot die “leesbaarheid” daarvan, en om 'n bietjie moeite hiermee te doen, sal beslis nie onnodig wees nie – selfs al kan dit jou nie 'n suksesvolle aansoek verseker nie.

“Die belangrikste riglyne is om nie oorboord te gaan met 'n magdom verskillende soorte en groottes skrif nie – hou dit eenvoudig en eenvormig. Moenie paragrawe skryf nie – hou al die inligting puntsgewys en laat genoeg spasies tussenin.

“ 'n Goeie lengte vir 'n CV is twee tot drie bladsye. Werkgewers het nie tyd om ure aan elke aansoek te bestee nie, en gaan beslis nie 'n CV van 20 bladsye deurlees nie. Onthou dat jou CV die enigste ding is waarop 'n werkgewer jou kan oordeel. Maak dus baie seker dat daar nie spel- en taalfoute in hierdie bemarkingspakkie vervat is nie!”

Gerda de Villiers van Live -Life Coaching in Somerset-Wes, stem saam dat 'n mens se CV nie jou lewensverhaal moet vertel nie, maar saaklik en op die man af moet wees.

“Jou CV gaan nie oor jou lewensverhaal nie, dis 'n bemarkingsdokument wat geskryf is om jou te bemark vir die werk waarvoor jy aansoek doen. Die hoofdoel van 'n CV is om jou by die onderhoud te kry.

“Dit moet 'n duidelike beskrywing gee van jou vaardighede, bevoegdhede, prestasies en resultate. Fokus op vorige prestasies en resultate, nie verantwoordelikhede nie.

“Verskaf besonderhede van enige tersiêre opleiding en sluit die kwalifikasie, die datum, die instelling waar die kwalifikasie verwerf is asook die vakke wat bestudeer is, in. Dieselfde geld vir diplomas en sertifikate,” sê sy.

De Villiers meen CV’s is persoonlik en daar is verskille oor presies hoe dit geskryf moet word. Sowat 95% van CV’s word chronologies geskryf en is wat die meeste werkgewers verwag.

“Vermy lang, gedetailleerde paragrawe. Los enige woord of frase wat jou nie “verkoop” of van waarde is vir die leser nie. Die lengte van jou CV is verkieslik twee, maksimum drie bladsye.

“Jou CV moet foutloos wees en maklik om te lees. Gebruik breë kantlyne, kolpunte en maak seker alle opskrifte is in dieselfde font en grootte. Vermy ongewone fonttipes en helder kleure. Jy mag ’n klein, professionele foto van jouself insluit, maar kies hierdie opsie versigtig, dit kan tot jou nadeel wees.

“Moenie woorde onderstreep nie, dit maak dit moeiliker om te lees. Salarisbesonderhede word ook nie by ’n CV ingesluit nie.

“Verwysings word aan die einde van die CV ingesluit. Dis nie nodig om die besonderhede van jou verwysings in te sluit nie. ’n Kort sin “Verwysings beskikbaar op aanvraag” is voldoende en kan later verskaf word. Indien jy wel verwysings moet insluit, lig die mense in en maak seker dat hulle nie omgee om oproepe te ontvang nie. Gebruik drie tot vyf verwysings uit verskillende kategorieë – mense wat met groot lof kan praat van jou vaardighede, prestasies, werksetiek en dies meer.

“Onthou, jy het een kans om ’n goeie eerste indruk te maak met jou CV. Doen moeite en maak seker jou CV weerspieël wie jy is op die beste moontlike manier en wek belangstelling by die leser.

Riglyne oor inligting wat jy móét gee

Suzette Booysen, praktykbestuurder van Joubert en Genote, mensehulpbronpraktisyns in die Paarl, gee hierdie riglyne oor wat enige CV moet bevat:

* Jou persoonlike besonderhede: Dit sluit in jou naam en van, jou geboortedatum (verkieslik ID-nommer), waar jy woon en waar om jou te kontak. Dit is nié nodig om te weet of jy binne of buite gemeenskap van goedere getroud is nie, ook nie waar jou vierde kind gedoop is nie! Dit is interessant om byvoorbeeld stokperdjies te lys, maar nie noodsaaklik nie.

* Jou ondervinding tot op hede: iets wat alle kandidate nie altyd besef nie, is dat jy hierdie afdeling moet prioritiseer. Dink aan die pos waarvoor jy aansoek doen, en brei uit op ervaring wat relevant tot hierdie aansoek is. As jy dus byvoorbeeld aansoek doen vir ’n rekenmeesterspos, maar voorheen ’n gr. 1-onderwyseres was, is dit onnodig om volledig oor jou onderwysloopbaan uit te brei. Om slegs die jaartalle, postitel en werkgewer te lys, is heeltemal voldoende. Werkgewers verkies gewoonlik dat werkservaring chronologies gelys word vanaf die mees onlangse posisie tot by jou heel eerste werk.

* Laastens is daar die kwessie van referente: Nie alle kandidate voel gemaklik daarmee om name en kontaknommers van referente op hul CV te verskaf nie. Dit is ook nie noodsaaklik nie, maar alle kandidate moet besef dat – as hulle gunstig oorweeg word vir ’n pos – hulle hierdie inligting wel op een of ander stadium aan ’n voornemende werkgewer sal moet verskaf. Om dus op ’n CV te noem

dat referente beskikbaar is op aanvraag, is voldoende. Gewoonlik word twee of drie referente opgevolg.

“En moenie van jou dekbrief vergeet nie,” maan sy.

“Die doel van ’n dekbrief is om jouself bekend te stel en bereid te verklaar om die werk te doen. Dit is nie noodsaaklik nie, tensy ’n advertensie dit natuurlik spesifiek vereis. In die dekbrief kry jy die geleentheid om jouself ’n bietjie te verkoop en redes te gee waarom jy dink jy die mees geskikte kandidaat vir die pos is.”